Publication: Volksblad-Saturday (Sport)
Publication Date: 01 Apr 2017
Page: 23

AVE: 1614.43
Circulation: 14330
Part: 1 of 1

# Goud vir Kovsies se Kesa en Rynardt

Rikenette Steenkamp sal nog rukkie langer moet wag om die 100-hekkies in minder as 13 sekondes af te lê.

Sy het gisteraand met die tweede en laaste Varsity-byeenkoms by Tukkies met 13.21 verbeter op die rekordtyd wat sy by die eerste byeenkoms aan die begin van die maand in Potchefstroom opgestel het.

Die Pukke Henco Uys het in die 800 meter vir mans 'n harde les geleer toe hy 'n meter voor die wenstreep sy hand in die lug gegooi het om 'n eerste plek te vier net om te sien hoe Rynardt van Rensburg van Kovsies die lyn eerste oorsteek. Die Olimpiese atleet se tyd was 1:49.17.

Gift Leotlela van Tuks het sy uitstekende peil voortgesit en sy Suid-Afrikaanse junior-rekord van 10.12 geewenaar op pad na die eerste plek in die 100 m. Die Kovsies se Kesa Molotsane het die 1 500 vir vroue in 04:29.65 gewen. – **Wim Pretorius**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.